Forte met oop deure | 26 Februarie 2023 | Ds. Pieter Badenhorst

pieter.badenhorst@moreleta.co.za

Inleiding

God se Koninkryksverhaal sluit my en jou in as Sy onderdane. Onderdane met **Kind**-status nie *slaaf*-status nie. Hy het ons gemaak na Sy beeld om Sy liefde te weerkaats - Spiëelmense. Die vyand het mense verlei en ons het spieëls na onsself toe gedraai en alles verloor. God het Sy Seun gestuur om mense te red en te herstel. Nou word ons met die krag van die Heilige Gees, uitgestuur, soos die gelowiges in die eerste eeu na-Christus, waar duisende kerke opgespring het soos forte om die Koninkryk van God te proklameer, mense uit te stuur, stukkende mense in te bring en te herstel. Hier in Gauteng verwag bevolkingsgroei voorspellings die grootste groei ooit in die volgende 10 jaar. En as ons dieselfde % Christene wil bly sal ons in Gauteng 2600 kerke in die volgende 10 jaar moet plant. Hoeveel gaan ons plant uit Moreleta Kerk?
Ons is klaar besig om twee te plant. Shining Light en M Connect. Is jy in? Is jy deel?

Wenke vir leier

- Hoor by jou kring hoe belangrik dink hulle is kerkplanting?
- Draai jou kring se gedagtes uitwaarts om die evangelie uit te dra.

Lees saam

1 Tessalonisense 1

4 Broers, ons weet dat God julle wat Hy liefhet, uitverkies het, **5** want die evangelie wat ons aan julle verkondig het, het nie bloot met woorde tot julle gekom nie, maar ook met krag en deur die Heilige Gees en met volle oortuiging. Julle weet trouens hoe ons by julle opgetree het, en dít om julle ontwil. **6** En julle het ons voorbeeld gevolg en volgelinge van die Here geword. In baie moeilike omstandighede het julle die woord aangeneem met 'n blydskap wat van die Heilige Gees kom. **7** So het julle 'n voorbeeld geword vir al die gelowiges in Masedonië en in Agaje. **8** Van julle af is die woord van die Here in Masedonië en in Agaje verkondig, en oral het die mense gehoor van julle geloof in God, sodat dit nie vir ons nodig is om nog iets daaroor te sê nie. **9** Die mense vertel self hoe julle ons ontvang het en hoe julle julle van die afgode tot God bekeer het en nou die lewende en ware God dien **10** en dat julle sy Seun wat Hy uit die dood opgewek het, uit die hemel verwag, Jesus deur wie ons gered word van die oordeel wat kom.

Gesels saam

Skrifgedeelte word bespreek deur die volgende 2 vrae te vra:

1. Wat leer ons oor God (Vader, Seun, Heilige Gees) uit hierdie gedeelte?
2. Wat leer ons oor onsself of mense in die algemeen in hierdie gedeelte?

Leer meer / kyk weer

Kliek vir verdere studie materiaal

Kliek hier om weer te kyk.

Doen saam

Wat sê die Woord moet ek gaan doen?

Hierdie gedeelte is waar die hele proses van dissipelskap en dissipelmaking staan of val. Hier beweeg ons van dit wat ons in die Woord ontdek het, na gehoorsaamheid aan Hom.

- Waaroor het die Here met my gepraat in hierdie Skrifgedeelte waaraan ekself prakties in moet aandag gee? (INWAARTS)
- Hoe gaan ek hierdie week vir mense rondom my tot seën wees? Wat het ek uit hierdie Skrifgedeelte ontdek wat ek prakties moet gaan doen? (UITWAARTS)

I Will Statement:

_____

_____

Navrae

kringe@moreleta.co.za
012 997 8100

Algemene info
info@moreleta.co.za
012 997 8000

Bid saam

Gebedsversoeke - 076 351 8383
gebed@moreleta.co.za

Hulp?

Berading - Moreleta Wholeness Sentrum
wholeness@moreleta.co.za
012 997 8035